H. B. Th.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA · REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Verw./Ref. No. 191. T. 3 (32)

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams: "Adviesraad"
Telefoon / Telephone: 3-3114, 3-3117

Privaatsak / Private Bag 298,
PRETORIA.

# DIE F.A.K. EN SY HUIDIGE TAAK.

Deur Prof. H.B. Thom.

(Voorsittersrede, een-en-twintigste Algemene Vergadering van die F.A.K., Bloemfontein, 7 Julie 1970, 2.15 nm.)

x) Praat vandag oor. baie dinge xxx
Laat ons insig kry van ons kultuursake gesin.
xx) Skema: verlede, hede, toekoms.

A.

Wil 'n mens die huidige taak van die F.A.K. na behore beoordeel, moet jy eers 'n blik op die verlede werp. Ons doen dit dan eers kortliks, net om met die hulp van die verlede 'n suiwere perspektief van die hede te kry.

Toe die F.A.K. in 1929 gestig is, het hy gekom om in 'n diepe behoefte van die Afrikanervolk te voorsien. Kultureel het daar onder Afrikaners 'n toestand van verbrokkeling en versnippering geheers. Daar was jeugverenigings, vroueverenigings, onderwysverenigings, debatsverenigings, godsdienstige verenigings en 'n hele aantal ander organisasies, waarin Afrikaners in groepe byeen gekom het, maar nêrens was daar 'n samevoegende, oorkoepelende organisasie om al hierdie liggame saam te bind en hulle kragte in één groot stroom saam te stuur, sodat hulle, in voeling met mekaar, die kulturele eenheid en krag van die Afrikaner tot volle wasdom kon bring nie. En dit was die geval juis in 'n tyd toe die enorme krag van die Engelse taal en kultuur deur iedereen aanskou en gevoel is en toe daar deur tal van leidende, vérsiende Afrikaners gevrees is dat volslae verengelsing van die Afrikaner kon plaasvind.

2/..........

Rig korrespondensie aan DIE SEKRETARIS/Address correspondence to THE SECRETARY.

Onder hierdie omstandighede het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns vername voorbereidende stappe gedoen toe hy op 24 Augustus 1929 'n verteenwoordigende vergadering van Afrikaanse kultuurmanne in Bloemfontein gehou het; en onder hierdie omstandighede het vier maande later, weer eens in Bloemfontein, op 18 en 19 Desember 1929 die Uniale Afrikaanse Taal- en Kultuurkonferensie plaasgevind, waar die besluit geneem is om die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings te stig. Onder die leuse Handhaaf en Bou moes die F.A.K. help om kulturele verbrokkeling en versnippering te beëindig, om die stroom van verengelsing te keer, om die kultuurkrag van ons volk op te bou, en om aldus 'n bolwerk te vestig wat tot in lengte van dae sy stempel op ons subkontinent sou afdruk.

Dit was 'n groot taak waarmee hier begin is; en dit was groot Afrikaners wat dit aangepak het. Onder die manne wat die leiding geneem het, tref ons aan byvoorbeeld ons geagte oud-staatspresident adv. C.R. Swart, ons welsprekende kultuurman prof. W.J. du P. Erlank en ons uitmuntende taalman mnr. Louis Hiemstra. Ons tref ook aan leiersfigure wat ons reeds ontval het: dr. D.F. Malan, Jan F.E. Cilliers, dr. N.J. van der Merwe, sen. F.S. Malan, prof. Joon van Rooy, prof. D.F. Malherbe en dr. C.F. Visser.

Soos dikwels met groot dinge die geval is, was die begin ook hier maar klein en beskeie. Sommige Afrikaanse organisasies was nie dadelik gretig om by die F.A.K. te affilieer nie, klaarblyklik omdat hulle gevrees het dat hulle onafhanklikheid in die gedrang sou kom, en so het dit 'n tyd geduur voordat die F.A.K. die omvattende, verteenwoordigende Afrikaanse kultuurorganisasie geword het wat by beoog was om te wees. Ook het Suid-Afrika toe in die knellende depressiejare gestaan en geld was bitter skaars, sodat die F.A.K. moes swoeg om finansieel kop bo water te hou, om die noodsaaklike amptenare aan te stel en om sy beleid in ons wyd uitgestrekte land ten uitvoer te bring.

3/.............

Maar dit was tegelyk 'n geloofstaak, en hulle wat dit aangepak het, was vasbeslote om hulle nie deur praktiese moeilikhede en terugslae, hoe ernstig dit ook al was, te laat afskrik nie. Die F.A.K. het sy werk van koördinasie en konsolidasie vanuit die staanspoor met groot doelgerigtheid voortgesit, en gaandeweg het hy daarin geslaag om kultuurwerk van blywende betekenis te verrig.

Ter illustrasie stip ons net 'n paar mylpale aan. In die loop van die jare 1931 - 1937 is, met sorgvuldige navorsingswerk en geduldige vergelyking en oorweging, die welbekende Volksangbundel tot stand gebring, wat vrywel dadelik 'n vername plek by kulturele byeenkomste van Afrikaners ingeneem het. By geleentheid van die amptelike ontvangs van die Volksangbundel ten tyde van die F.A.K.-kongres in Julie 1937 het dr. A.J.R. van Rhyn die veelseggende woorde gebruik: "Hierdie bundel gaan nog baie beteken en sal van ons volk 'n singende volk maak. Ek beskou dit as een van die groot bakens wat die F.A.K. in sy reusetaak ingeplant het". Dat dr. Van Rhyn met hierdie woorde baie suiwer geoordeel het, blyk uit die feit dat daar altesame vandag reeds meer as 100,000 eksemplare van die Volksangbundel verkoop is.

Maar ook baie ander stappe van groot betekenis is gedoen. Die Musiekkommissie van die F.A.K. is in die lewe geroep en het verskeie musiek-publikasies die lig laat sien: die werke van dr. J.H. Pienaar en mnr. S.H. Eyssen, Trap-vir-Trap deur mev. C.E. de Jager, Engels-Afrikaanse Terminologie van Musiek deur M.C. Roode, F.A.K.-Kerkkoorboek I saamgestel deur prof. G.G. Cillié uit die werke van prof. Jannasch, 'n negetal werke van P.J. Lemmer, die Eeufees-kantate van Arnold van Wyk, Liedjies en Deuntjies waarvoor Dolly Heiberg en andere verantwoordelik was, en nog 'n hele paar ander musiek-publikasies. Daarby is musiekbeurse beskikbaar gestel, waardeur met verloop van tyd 'n hele aantal verdienstelike jong Afrikaners in staat gestel is om hulle tot hoë sporte op hulle gebied te bekwaam; en verder is op verskeie plekke musiekkongresse gehou, te wete oor volksang en volksmusiek, en skoolsang en skoolmusiek, waardeur 'n wydvertakte invloed dwarsdeur ons land uitgeoefen is.

Ons weet ook dat die F.A.K. hom onvermoeid beywer het om 'n egte Suid-Afrikaanse volkslied te verkry, en dat dit grotendeels aan die F.A.K. te danke is dat die Stem van Suid-Afrika nie net deur Afrikaners as sodanig aanvaar is nie, maar dat dit in die tyd van wyle ons Eerste Minister adv. Strydom ook as enigste volkslied van Suid-Afrika erken is. Dit is ook bekend ~~hoe~~ dat die F.A.K. hom vir moedertaalonderwys beywer het, ~~hoe~~ dat hy groot byeenkomste hieroor gehou het, en ~~hoe~~ dat hy die saak van moedertaalonderwys by die sentrale owerheid en provinsiale owerhede bepleit en bevorder het. En ons weet ook hoedat die F.A.K., vanaf sy stigting af tot vandag toe, taalhandhawing een van sy allervernaamste hoofstrewes gemaak het. Hy het in die praktyk opgetree om, welléwend dog ferm en beslis, by owerhede, firma's en indiwidue Afrikaans tot sy reg te laat kom; hy het kongresse en ander byeenkomste oor taalhandhawing gehou; en hy het 'n hele reeks van Afrikaanse termelyste uitgegee: van skoenmakersterme tot rugbyterme, van krieketterme tot fotografieterme.

Verder het die F.A.K. buitengewone moeite gedoen om ons volksfeeste in ere te hou en die karakter daarvan te bewaar. Veral Geloftedag en Krugerdag het aan die orde gekom, terwyl aktiewe aandag ook bestee is aan besondere funksies, soos byvoorbeeld die treffende Republikeinse dankfees wat op 16 Oktober 1960 in die Amfiteater by Pretoria gehou is en deur sowat 70,000 mense bygewoon is. Terselfdertyd het die F.A.K. hom met geesdrif gewy aan die ekonomiese bewusmaking en bewushouding van die Afrikaner. Die Ekonomiese Instituut is gestig wat kosbare navorsingswerk gedoen het en tal van jong Afrikaanse sakeonderneminge op die been gehelp het. Bowendien het die F.A.K. die rolprent in die diens van die Afrikanerkultuur geplaas, soos veral blyk uit die taalrolprent Doodkry is Min wat enige jare gelede vervaardig is, wat binne enige maande deur sowat 'n halfmiljoen mense gesien is, en wat op aanskoulike wyse die besondere kultuurwaarde van ons taal by ons volk tuisgebring het. Eindelik het die F.A.K. enkele jare gelede sy eie lyfblad Handhaaf in die lewe geroep, wat as mondstuk van die F.A.K. en ander bevriende Afrikaner-organisasies dien en hulle voortdurend in 'n lewendige verband met mekaar hou.

5/..........

Hier het ons 'n paar hooftrekke uit die verlede van die F.A.K. Ons sien met watter doel hy gestig is, en hoe hy te werk gegaan het om daardie doel te bereik. Hy moes dikwels 'n swaar stryd voer, maar dit was 'n besielende stryd wat in voor- en teenspoed aan dié wat daarin gestaan het, steeds weer koers en krag gegee het. As ons terugkyk op wat gedoen en bereik is, dan kan ons met groot dankbaarheid sê dat ons poginge waarlik ryklik beloon is.

B.

Laat ons, teen hierdie agtergrond van die verlede, nou kortliks die huidige toestand skets. Soos reeds grotendeels uit die voorgaande geblyk het, het ons vordering gemaak, inderdaad baie groot vordering. As 'n koördinerende, oorkoepelende organisasie is die F.A.K. vandag erken en gevestig. Weliswaar is daar nog Afrikaanse instansies wat nie by die F.A.K. geaffilieer is nie, maar die getal wat wel geaffilieer is, is so groot en hulle is so uiteenlopend van aard en funksie dat die F.A.K. wel daarop aanspraak kan maak dat hy as verteenwoordigende kultuurmondstuk van Afrikaners kan optree.

Ons volksmusiek het, soos ons gesien het, groot voortuitgang gemaak, en ofskoon hier nog baie werk op ons wag, het ons - veral danksy die werk van ons Musiekkommissie - al pragtige resultate op ons werk gesien. Die stryd oor ons volkslied is iets van die verlede: Die Stem is erken en aanvaar, en daar is selfs 'n amptelike Engelse vertaling daarvan gemaak. Moedertaalonderwys is in ons skole, kolleges en universiteite erken, en geen pedagoog van betekenis sal die waarde hiervan in twyfel trek nie. Met ons taalhandhawing het ons baie goed gevorder: meeste van ons besef die waarde van taalhandhawing, en Afrikaans word vandag erken deur en gehoor in kringe waar vroeër selfs met veragting daarop neergesien is. Laat ons ons wel nie inbeeld dat dit vandag met die erkenning en handhawing van Afrikaans alles pluis is nie, maar ons kan inmiddels dankbaar wees vir wat wel bereik is.

Ons nasionale feesdae het ook in die landswet amptelike erkenning gekry, en dit is nie meer nodig om - soos ons vroeër by herhaling moes doen - ernstige vertoë te rig dat byvoorbeeld Krugerdag en Van Riebeeckdag amptelike nasionale feesdae sal wees nie. Ekonomiese bewusmaking van die Afrikaner het ook opvallende voortuitgang gemaak en ons aanskou 'n opvallende opgang van die Afrikaner in die sakelewe. Dit is wel waar dat die Afrikaner, ondanks sy getalsoorwig bo anderstalige blankes, nog maar 'n klein persentasie van ons sakeondernemings in sy hande het, maar die opgang wat hy, veral in die jongste jare, gemaak het, het tal van mense verbaas laat staan. Daarby het ons jeugwerk hand oor hand toegeneem, en deur byvoorbeeld ons jeugkursusse help ons om meer van ons jongmense tot toekomstige leiers te vorm as wat ooit tevore gebeur het. Dit is alles treffende resultate, waarvan 'n mens die betekenis nie moet onderskat nie.

In aansluiting hiermee let ons op 'n paar syfers, wat die omvang en trefwydte van die F.A.K. se werk sprekend uitbring. Die F.A.K. het vandag ongeveer 2000 donateurslede en, wat nog veel belangriker is, bykans 12,000 lewenslede. Hierdie lewenslede is dwarsoor die vier provinsies van die Republiek en oor Suidwes en Rhodesië versprei, en hulle maak die lewende kontakpunte uit vir ons werk dwarsdeur Suider Afrika. Lewenslidmaatskap bring 'n vry aansienlike finansiële verpligting mee (eers R40 en tans R60), en dus kan 'n mens begryp dat lewenslede manne en vroue is vir wie die saak van die F.A.K. erns is.

Die F.A.K. se lyfblad Handhaaf het vanuit 'n klein begin gegroei tot 'n blad wat vandag 'n oplaag van 16,500 het. Jarelank is die gemis aan 'n blad baie sterk gevoel, en is daar getrag om deur middel van betreklik onbevredigende afgerolde omsendbriewe periodiek inligting oor die werk van die F.A.K. te gee. Maar met die koms en vestiging van Handhaaf is die toestand verander: Hierdie blad dra ons werk uit tot in die uithoeke van ons land, dit skep 'n band onder Afrikaners om hulle van mekaar se kulturele bedrywighede en opvattinge op die hoogte te hou, en dit stel 'n medium daar waarin oor aktuele kulturele vraagstukke stellingname kan plaasvind en geredeneer kan word. Vir die redaksie van

die blad, en vir die F.A.K. in die algemeen, is dit 'n bron van vreugde dat daar soveel opbouende kritiek oor Handhaaf ontvang word, en terselfdertyd soveel opregte waardering.

Verder beskik die F.A.K. vandag oor nie minder nie as 2,350 meewerkende en geaffilieerde liggame. Hieronder het ons kultuurverenigings, jeugverenigings, vroueverenigings, kerkrade, opvoedingsinrigtings en nog baie ander invloedryke instansies, sodat dit duidelik is watter geestelike potensiaal deur meewerkende en geaffilieerde liggame verteenwoordig word. Hierdie liggame gee nie net morele steun aan die F.A.K. nie, maar ook geldelike steun, sodat 'n band van goedgesindheid en aktiewe steun gelê word. Dit is veral deur sy meewerkende en geaffilieerde liggame dat die F.A.K. sy taak van koördinasie en konsolidasie uitvoer.

C.

Met inagneming van die hooftrekke van die verlede en die hede kan ons nou tot die kern van ons tema kom, te wete die taak wat vandag op die F.A.K. wag. Dit sou natuurlik maklik wees om te sê dat die F.A.K. hom vandag en in die toekoms met nog veel meer ywer as in die verlede moet toelê op die koördinering van ons kultuurkragte, die bevordering van ons musiek, die handhawing van ons taal, die viering van ons feesdae, die proses van ekonomiese bewusmaking en trouens al die ander verdienstelike take wat tot nou toe sy aandag opgeëis het. Ons sou ook volkome gelyk hê, as ons dit sê; dit sou goed wees as die F.A.K. dit doen, en dit is inderdaad ook die F.A.K. se plig om dit te doen. Ek twyfel nie daaraan nie dat die F.A.K. dit ook wel sal doen. Maar ons moet onthou dat die saak nie met so 'n paar eenvoudige woorde afgemaak kan word nie. As ons nie verder as hierdie siening kom nie, sal ons 'n simplistiese beskouing hê wat ons - hoe goed dit ook al bedoel is - nie veel verder sal bring nie. Ons lewe en ons tyd het veels te ingewikkeld geword om die saak met so 'n paar woorde af te maak. Ons moet onthou ons staan vandag in die jaar 1970 met alles wat dit beteken, en nie meer in 1929 nie.

8/...........

Laat ek op 'n paar punte van kardinale belang wys. Ek maak die stelling dat baie Afrikaners van vandag veels te gerus geword het. Omrede van die vordering wat ons gemaak het, op die gebied van die ekonomie, die onderwys en die kultuur in engere sin, waarvan ons reeds bewyse genoem het, meen baie Afrikaners dat ons saak gewonne is en dat ons ons nie meer hoef in te span soos in die verlede nie.

Hierin lê daar 'n ernstige dwaling. Dit is aan hierdie dwaling toe te skryf dat Afrikaners byvoorbeeld vandag meen dat hulle goedskiks maar Engels in sakeondernemings kan gebruik, al is dit dan ook maar kwansuis - soos hulle soms sê - "om hulle Engels 'n bietjie te oefen." En dit is om dieselfde rede dat Afrikaners genoeë daarmee neem om eentalige Engelse kennisgewings te ontvang en eentalige Engelse etikette te duld op tal van artikels wat hulle gebruik. Terloops, dit is so onnodig, want ons Engelssprekende medeburgers is vandag oor die algemeen baie simpatiek ingestel om Afrikaans te hoor en self te praat. 'n Afrikaanse huisvrou het in een van ons voorstedelike gebiede onlangs selfs die beskamende ondervinding gehad dat, toe sy 'n Griekse kafee-eienaar in Engels aanspreek, hy haar in Afrikaans geantwoord het!

Enige jare gelede het ek by 'n F.A.K.-kongres my voorsittersrede gewy aan die onderwerp Die Gevare van ons Seëpraal. Ons staan vandag, meer as ooit tevore, midde in hierdie gevare. Dit is nie soseer die geval dat ander mense ons kulturele belange kwaadwilliglik benadeel nie - ofskoon ek wel wil toegee dat daar ook diesulkes mag wees - maar ons grootste gevaar lê by onsself: Ons staar ons blind op ons suksesse en ons verkeer in die waan dat ons reeds die oorwinning ten volle behaal het. Ons het nie die lewenshouding, wat vir ons 'n gewone lewenshouding behoort te wees, naamlik om op dood natuurlike wyse eers en veral Afrikaans te dink, te praat en te handel nie; en inmiddels vat die vreemde ongemerk in ons midde pos, veral die magtige Engelse taal en kultuur-invloed waarmee ons daagliks in aanraking verkeer. Ons kan nie, ons mag nie, te gerus wees nie: ons moet weet dat ons, op belangrike lewensterreine, nog maar 'n klein stukkie van die veld verower het.

9/..............

Gedagtig aan die woorde wat Andries Pretorius kort voor sy dood tot sy Krygsraad gerig het, sal ook ons ruiterlik moet erken: Hier is nog veel ongedaan gebly, wat gedoen moet word!

Ek wil ook die stelling maak dat jong Afrikaners van vandag nie meer dieselfde bronne van besieling het as dié wat vir die vorige geslag gegeld het nie, en dat ons jongmense in ons kultuurpatroon vandag soms anders reageer as wat ouer Afrikaners doen. Ons oudste ~~geslag~~ mense van vandag het nog self die tyd van die tweede Vryheidsoorlog en die konsentrasiekampe belewe; en dié wat 'n bietjie jonger is, die tyd van die stigting van die Nasionale Party, die tyd van die Rebellie en die Eerste Wêreldoorlog. Al hierdie jare was 'n tyd van stryd vir die Afrikaner, 'n stryd teen armoede en honger en fisiese ondergang. Dit val 'n mens op dat hierdie stryd by uitstek 'n stryd teen die Britse Imperialisme van die tyd was, of minstens teen die een of ander vorm van die Imperialisme.

Ons ouer mense het hierdie stryd geken en gevoer, en dit was in hierdie stryd dat hulle hulleself gestaal het, dat hulle hulle suksesse behaal het en selfs in hulle neerlae besieling gevind het. Dit was hierdie stryd wat dikwels, in politiek en kultuur, bepalend op hulle lewenshouding ingewerk het.

Die geslag wat daarna gekom het, het hierdie dinge nie self beleef nie, maar dit het hulle ouerlike huise deurdring, en hulle het dit in warme woorde van hulle vaders en moeders en ooms en tantes en ouer familievriende verneem. Hulle het self ook, al was dit miskien nie so sterk soos die oueres van hulle tyd nie, politieke en kulturele beïnvloeding grotendeels uit die genoemde veelbewoë politieke gebeure gekry. Laat ons dit maar saaklik stel: Ook in hulle geval is hulle kulturele en politieke opvattinge - al was dit dan grotendeels onregstreeks - nog in hoë mate deur die inwerking van die Britse Imperialisme bepaal.

Maar hoe staan dit met ons jongmense van vandag? Van die genoemde politieke gebeure weet hulle aan eie huis en lyf niks nie:

hulle ouers kon nie meer uit eie ervaring iets daarvan vertel nie, en al wat ons jongmense daarvan te wete kom, is wat hulle sporadies in boeke en tydskrifte lees, of wat hulle nog meer sporadies in musea of ander historiese versamelings sien. Met ander woorde hulle het in hulle politieke denke en kulturele lewe nie daardie invloed wat by ons ouer mense so beslissend was nie.

N.B. Nou moet ons nie hieroor in sak en as sit en treur, en ons jongmense vir loues, lusteloses en onverskilliges uitmaak nie. Dit is vanselfsprekend ons plig om hulle in die geskiedenis te onderrig en hulle veral die lotgevalle van hulle eie volk te leer. Maar die Geskiedenis is nou maar eenmaal só: Hoe verder jy wegstaan, hoe koeler word die perspektief en hoe minder word die emosie. Laat ons aanvaar ons jongmense sal hulle besieling nie meer primêr vind in die groot staatkundige gebeure van die eerste kwart van die twintigste eeu soos ons oumense gedoen het nie; ons jongmense soek hulle besieling, al het hulle ook nog belangstelling in ons verlede, in die groot wêreld wat gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu - en veral vandag - om hulle oopgegaan het. Baie van ons mag hieroor spyt wees, en ons sou rede daarvoor hê; maar ander mag bly wees, en hulle sou miskien nog meer rede hê want die wêreld staan nie stil nie - en, per slot van rekening, die wêreld behoort aan hom wat hom van die toekoms meester maak. N.B.

(3) Ek wil 'n derde stelling maak, wat myns insiens die huidige taak van die F.A.K. tot in sy grondslae raak: Ons kulturele stryd val nie meer in dié mate saam met ons staatkundige stryd soos vroeër die geval was nie, wat op sy beurt weer meebring dat ons in ons kulturele stryd grotendeels 'n nuwe oriëntering moet vind. Dit hou begryplikerwyse verband met wat ons so pas gesê het.

Vroeër, dit wil sê vanaf ongeveer die ontstaan van die Nasionale Party onder Gen. Hertzog in die jare 1912 - 1914 tot by die bewindsaanvaarding van 'n Nasionale Regering onder dr. Malan in 1948, was ons kulturele stryd en ons staatkundige stryd in hoë mate gekorreleer. Gen. Hertzog het hom laat ken as die pleit-

besorger van die Afrikaner en as die vurige voorstander van sy welbekende leuse: Suid-Afrika Eerste. Die Generaal het met hierdie trefwoord die hartewens van die rasegte Afrikaner uitgedruk, maar dit was in daardie tyd seer seker nog nie die hartsbegeerte van die Engelssprekendes van Suid-Afrika nie. Op hierdie breë grondslag is die staatkundige stryd van die Afrikaner voortgesit, byvoorbeeld in verband met ons betrekkinge met Groot-Brittanje of ander lande van die buitewêreld - of dit staatkundig of ekonomies van aard was - en op dieselfde breë grondslag is ons kulturele stryd gevoer - of dit om ons taal gegaan het of om ons kerk, ons skool en ons universiteit. Dit is met hierdie beleid dat gen. Hertzog groot opgang gemaak het; en dit is met dieselfde beleid - begryplikerwyse met 'n sekere mate van aanpassing soos nuwe tydsomstandighede dit van die staatkundige leiding vereis het - dat dr. Malan eindelik in 1948 'n volle Nasionale Regering saamgestel het. Die belangrike punt is dat die staatkundige stryd en die kulturele stryd van die kultuur-bewuste Afrikaner, ofskoon verskillend in wese en karakter, hand-aan-hand gegaan het. Dit was die posisie toe die Afrikaner moes worstel om homself te wees, toe hy moes veg om sy politieke mag doeltreffend te gebruik en uit te brei.

Maar die posisie het tot 'n sekere mate verander - en dit moes noodwendig verander - toe die party van die nasionaal-bewuste Afrikaner die mag in die hande gekry het. Dit beteken glad nie dat die party nou die Afrikaner in die steek gelaat het nie; inteendeel, die Regering het na die Afrikaner omgesien en ook kulturele ideale verwesenlik wat vir die Afrikaner na aan die hart gelê het: selfstandiger ekonomiese vooruitgang, skeiding van blank en nie-blank, 'n eie republiek en nog veel meer. Maar geen regering kan, as hy sy plig na behore wil doen, net na één seksie omsien nie; hy móét ook na ander seksies omsien, vanselfsprekend na seksies wat getalsterk is, maar selfs ook na minderheidsgroepe.

Hierby het nou ander groot faktore gekom, veral sedert die vestiging van ons Republiek. Tal van Engelssprekendes het hulle van hulle ou moederland afgewend en sê net soos die Afrikaner:

Suid-Afrika Eerste - en meer en meer van hulle is besig om dit te doen. Daarby word Suid-Afrika, binne sy grense en ook daarbuite deur meedoënlose vyande bedreig, sodat hy vandag met die rug teen die muur staan. Ons is in 'n stryd op lewe en dood gewikkel, daaroor hoef daar geen twyfel te bestaan nie. Onder hierdie omstandighede probeer die landsregering soveel doenlik om die twee groot blanke seksies tot 'n goeie begrip van mekaar en hartlike samewerking met mekaar te bring. Die taal en kerk en kulturele identiteit van elkeen word gehandhaaf en gewaarborg, maar hulle moet vervul wees met agting en waardering vir mekaar en met dieselfde liefde vir Suid-Afrika. Dit is 'n standpunt waarmee daar seker geen fout gevind kan word nie.

Maar ons word deur die harde feit gekonfronteer dat ons kulturele front en ons staatkundige front vandag nie meer so onafskeidbaar verbonde is nie. Ek spreek my vanselfsprekend glad nie uit oor die "goed" of "sleg", of "reg" of "verkeerd" hiervan nie. Trouens, as ons historiese verlope nagaan, dan lees ons daarin as sodanig nie iets soos "goed" of "sleg, of "reg" of "verkeerd" nie. Ons probeer net om die feite te konstateer, en as ons dit met welslae gedoen het, kan ons daaruit lesse vir ons eie lewens put. Die feit dat ons kulturele front en ons staatkundige front nie meer so sterk gekorreleer is nie, beteken dat ons kultuurstryd nou gedeeltelik in 'n nuwe dimensie geplaas is. As ons ons kultuurstryd met dieselfde toewyding en beslistheid as voorheen wil voortsit, en as ons geen onreg teenoor ons anderstalige medeburgers wil laat geskied nie en terselfdertyd die belange van Suid-Afrika in die hoogste mate wil dien, sal ons geroepe wees om opnuut aandag te wy aan metodes en prosedures wat ons in die verlede toegepas en lank as ons tradisionele metodes en prosedures aanvaar het.

Hiermee het ons nou aandag gewy aan 'n oriëntering wat myns insiens nodig was voordat ons die huidige taak van die F.A.K. formuleer. Wat omvat daardie taak vandag?

Ek het reeds aangedui wat die F.A.K. sedert sy ontstaan in 1929 bereik het; en ons sal seker saamstem dat dit 'n indrukwekkende relaas was. Ek het dit gestel as voor-die-hand-liggend dat die

F.A.K. sy werk van koördinering onder Afrikaanse kultuurorganisasies en van stimulering en bevordering van Afrikanerkultuurkragte sal moet voortsit. En dit sal vandag, en in die toekoms, met hernieude ywer en met veel groter dryfkrag moet gebeur as in die verlede. Ons erkende beginsels moet uitgeleef en uitgedra word. Want ons groot beginsels mag nie verander nie, hoe tyd en tydsomstandighede ook al verander. Dit is die eerste, en belangrikste sy van ons taak.

Daarmee is egter nog nie genoeg gesê nie. Ek het immers ook beklemtoon dat ons moet onthou ons staan in die jaar 1970 en nie meer in 1929 nie. Daar het tal van nuwe middele en gebruike in ons midde opgekom, wat tot gevolg gehad het dat sommige ou gebruike en prosedures verouderd en uitgedien geraak het. Hou 'n mens nou voortdurend aan ou uitgediende gebruike vas, gebruike wat weinig belangstelling meer opwek, dan moet die welslae van jou werk afneem; en as jy lank genoeg aanhou, moet jy uiteindelik 'n anakronisme in jou eie tyd word.

Die F.A.K. was nie blind vir hierdie waarheid nie. Hy het met sy tyd probeer tredhou, en hy het hom reeds van nuwe metodes en middele bedien. Maar hy sal, gesien die snelle veranderings om ons heen, dit in toenemende mate moet doen. Daar het 'n aansienlike styging in die algemene ontwikkelingspeil van die blankes van Suid-Afrika - en met name ook van ons Afrikaners - gekom, en daar het 'n groot mate van spesialisasie in ons lewe ingetree. Daarom is dit verstaanbaar dat byvoorbeeld ons ou vorm van kultuurvereniging, met sy gebruiklike kultuuraande, nie meer soveel aftrek kry nie. Daar sal veel meer besprekingsaande, musiekaande, letterkunde-aande, ouersaande, jeugaande en dies meer moet wees. Ons maandblad Handhaaf, wat reeds sulke goeie opgang gemaak het, sal myns insiens ewentueel minstens 'n weekblad moet word, sodat hy op sy besondere wyse die kultuursaak van die Afrikaner met nog meer vrug sal kan dien. Die rolprent en die radio sal ook veel meer in ons aktiwiteite ingeskakel moet word - en indien ons miskien televisie kry, moet die F.A.K. die eerste wees om dit in diens van die Afrikaner se kultuur in te span!

Dit lê myns insiens ook op die weg van die F.A.K. om in die toekoms noue betrekkinge met Afrikaanse sakemanne aan te knoop en te onderhou. Die F.A.K. het, gewoonlik met die hulp van sy Ekonomiese Instituut, gehelp om die bodem voor te berei waarop Afrikaanse sakeondernemings kon floreer, en hy gaan voort om daardie werk nog dag-vir-dag te doen. Maar dit is asof daar tussen die F.A.K. en ons sakemanne oor die algemeen nie die noue betrekkinge is wat 'n mens sou verwag nie. Ek sê "oor die algemeen", want ek weet dat daar wel Afrikanersakemanne is wat in noue verband met die F.A.K. bly, maar dit kan nie as die algemene toestand beskou word nie. Die F.A.K. behoort hom te beywer om aansienlik meer finansiële steun van Afrikaner-sakeondernemings te kry, en ons het rede om aan te neem dat sakemanne gunstig sal reageer: dit sal vir hulle op die duur geestelik en stoflik 'n goeie belegging wees, en vir die F.A.K. 'n kragdadige besieling.

Naas hierdie meer praktiese stappe is daar 'n paar hoogs belangrike punte in verband met ons geesteshouding, en dit vloei regstreeks voort uit wat reeds gesê is. Die F.A.K. sal alles in die werk moet stel om Afrikaners uit die valse droom van gerustheid te laat ontwaak. Ons het gevorder, dit gaan met ons goed, en ons is dankbaar. Maar juis wanneer dit met 'n mens goed gaan - en veral wanneer jy ryk is - loop jy gevaar om oorgerus, doodgerus te word. Ons suksesse en ons welvaart moet vir ons nie in behaaglike selftevredenheid aan die slaap sus nie; dit moet vir ons eerder steeds nuwe spoorslae tot groter inspanning wees.

Dit is ook dringend nodig dat die F.A.K., so ernstig en aktief as hy maar enigsins kan, aan ons jongmense aandag sal wy. Hierdie rigting is reeds ingeslaan, soos gesien sal word in ons Jaarverslag (1/3/69 - 28/2/70), waar onder andere die vernaamste besonderhede in verband met die werk van die Nasionale Jeugraad van die F.A.K. gegee word. Maar die werk sal op baie groot skaal uitgebrei moet word, en ons beste kragte sal bereid moet wees om hulle tyd en aandag daaraan te bestee. Al het ons jongmense oënskynlik nie meer so 'n warm belangstelling in die tweede Vryheidsoorlog, die Vrede van Vereeniging, die Rebellie en die stryd van gen. Hertzog

nie, hulle het 'n bruisende belangstelling in denke oor Staat en Kerk en opvoedkunde, in die wondere van die ingenieurswese en die geneeskunde, en die nuwe wêreld van kernkrag en rekenaar. Ons mag ons eie geskiedenis nie nalaat nie, maar dit is noodsaaklik dat ons jongmense in hierdie nuwe denke opgevoed word, want hulle sal in staat moet wees om hulle staanplekke in verband daarmee in te neem. As hulle dit nie doen nie, sal hulle agterbly; en as hulle agterbly, sal die Afrikanervolk agterbly.

Dit is verder absoluut noodsaaklik dat ons sal besef dat ons kulturele front op eie bene sal moet staan, en dat dit deur onsself so sterk moontlik gemaak sal moet word. Engelssprekendes in Suid-Afrika het, wat vername kultuurgoedere betref, die hele Engelssprekende wêreld agter hulle. Hulle taal is ook nie van hulle afhanklik nie. Indien dit sou gebeur dat die Engelse taal in Suid-Afrika mag verdwyn, sou dit nog in baie ander lande bly voortbestaan en floreer. Maar wat die Afrikaner se taal en die res van sy kultuur betref, is dit sy eie verantwoordelikheid. Die Afrikaner sal dit self moet handhaaf; niemand anders sal dit vir hom doen nie.

Ons kan ook nie verwag dat die een of ander politieke party, die Regeringsparty of watter party ook al, ons kultuurstryd vir ons moet stry nie. Die politieke front en die kulturele front is, soos ons opgemerk het, verskillend van karakter en wese, en die een kan die plek van die ander nie inneem nie. Buitendien, as dit sou gebeur, dan is een van die twee oorbodig! Maar veronderstel nog dat 'n mens wel sou verwag dat 'n politieke front ook die werk van kulturele liggame - en veral van 'n oorkoepelende organisasie soos die F.A.K. - moet doen, sou die politieke front dan nie weer van sy kant eweseer kon verwag dat die kulturele front ook sý werk moet doen nie? Ons sien dadelik watter onhoudbare posisie geskep sou word.

Die F.A.K. het wel reg om te verwag dat ons Regering baie simpatiek teenoor die kulturele belange van die Afrikaner sal staan; en die F.A.K. is dankbaar om te weet dat dit ook wel só is. Die F.A.K. het ook reg om te verwag dat ons Regering die

16/..........

kulturele belange van Suid-Afrika op 'n breë grondslag sal dien en ruime fondse daarvoor beskikbaar sal stel; en die F.A.K. is dankbaar om te weet dat ook dit vandag só is. Maar die volk moet sy kultuur self beoefen, dit self voed en koester. Daarby sal die F.A.K. leiding gee en daaroor sal hy vertoë rig en optree, ferm en vreesloos, en ook sonder aansien des persoons.

Dit moet egter begryp en aanvaar word dat die F.A.K. in die lewe geroep is, en deur sy grondwet en statute verbind word, om die Afrikaner te dien. Daarom is hy tegelyk beskermer, vriend en dienaar van die Afrikanervolk, maar met ander het hy vrede. Dit beteken nie dat hy vyand van ander is nie; inteendeel, hy sal steeds na die eis van omstandighede met menswaardigheid en wellewendheid teenoor ander optree.

Die F.A.K. is die bondgenoot van die Afrikaner; hy dien die Afrikaner op positiewe wyse; hy gaan saam met die Afrikaner die toekoms in. Hy sal rekening hou met nuwe omstandighede en hy sal nie aarsel om van nuwe of vernieude metodes en prosedures gebruik te maak nie. Maar dit sal altyd geskied met behoud van die beproefde beginsels wat lê in ons Godsdiens, ons Staat, ons skool, ons huisgesin, ons vaderlandsliefde. Dié weg is vir ons die aangewese weg; dít is die weg waarop ons met Godsvertroue sal voortgaan.

-----ooOoo-----